kruiskerk.co.za

info@kruiskerk.co.za

wynandnel@iafrica.com

Toetrede

Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

Woorddiens

Tema: Die vrae wat ons vra of nie vra nie maar tog die antwoorde leef

Lesing 1: Lukas 10:25-37 (1953)

[25] EN daar het ’n sekere wetgeleerde opgestaan wat Hom
versoek het deur te sê: Meester, wat moet ek doen om die
ewige lewe te beërwe?
[26] En Hy antwoord hom: Wat is in die wet geskrywe? Hoe
lees jy?
[27] En hy antwoord en sê: Jy moet die Here jou God liefhê uit
jou hele hart en uit jou hele siel en uit jou hele krag en uit
jou hele verstand; en jou naaste soos jouself.
[28] Toe sê Hy vir hom: Jy het reg geantwoord; doen dit, en jy
sal lewe.
[29] Maar hy wou homself regverdig, en sê vir Jesus: En wie is
my naaste?
[30] En Jesus antwoord en sê: ’n Sekere man het afgegaan van
Jerusalem na Jérigo en onder rowers verval, en nadat hulle
hom uitgetrek en geslaan het, gaan hulle weg en laat hom
half dood lê.
[31] En bygeval het ’n priester met daardie pad afgekom, en toe
hy hom sien, gaan hy anderkant verby.
[32] En net so het ook ’n Leviet by dié plek gekom en hom
gesien en anderkant verbygegaan.
[33] Maar ’n sekere Samaritaan wat op reis was, het op hom
afgekom; en toe hy hom sien, het hy innig jammer gevoel,
[34] en na hom gegaan, sy wonde verbind en olie en wyn
daarop gegooi. Hy het hom toe op sy eie pakdier gehelp en
hom na ’n herberg geneem en vir hom gesorg.
[35] En toe hy die volgende môre weggaan, haal hy twee
pennings uit en gee dit aan die eienaar van die herberg en sê
vir hom: Sorg vir hom, en enige onkoste wat jy nog meer
mag hê, sal ek jou betaal as ek terugkom.
[36] Wie dan van hierdie drie, dink jy, was die naaste van hom
wat onder die rowers verval het?
[37] En hy antwoord: Hy wat barmhartigheid aan hom bewys
het. Toe sê Jesus vir hom: Gaan en doen jy net so.

Lesing 2: Amos 7:7-17

Broodjies vir die Pad

The parable has inspired painting, sculpture, poetry, and film. The colloquial phrase "good Samaritan," meaning someone who helps a stranger, derives from this parable, and many hospitals and charitable organizations are named after the Good Samaritan.

http://en.wikipedia.org/wiki/Parable_of_the_Good_Samaritan

◆◆◆

John Drury has written with such rich insight about Luke's gospel, including a short essay he contributed to that splendid collection by Robert Alter and Frank Kermode, The Literary Guide to the Bible, Cambridge, Belknap Harvard University Press, 1987). About what he calls "Luke's parable section," which includes the story of the"Good Samaritan," Drury observes that Luke insists "the one thing needful is not endurance nor the penetrtion of supernatural secrets but the resilience to face up and cope with the problem in front of one's nose." (p. 434) The antihero in Luke's story is an anonymous Samaritan, a people whom the Jews regarded as wrong and unfit by any and every religious measure. But, by responding to "the problem in front of one's nose" with simple, basic, tangible compassion he fulfilled God's law, while the priest and the Levite failed spectacularly.

http://sacraconversazione.blogspot.com/2010/06/proper-10-year-c.html

◆◆◆

The great lesson is that the sacred is in the ordinary, that it is to be found in one's daily life, in one's neighbors, friends, and family, in one's backyard.

Abraham Maslow

◆◆◆

Jesus final words to the lawyer are to “go and do likewise.” I find this statement interesting in a country where many of our religious institutions focus faith on saying the correct phase, such as, “Jesus Christ is Lord,” or that we love the acceptable mate, or that we maintain beautiful buildings for our worship experience. God's measure of justice, a plumb line, calls us to enact God's compassion for our neighbor, and who is our neighbor. Well, it would be nice if it was the clean-cut millionaire, but it seems to be the guy who is beat up and lying in a ditch.

http://processandfaith.org/resources/lectionary-commentary

◆◆◆

Op zoek naar een publieke theologie

Ruard Ganzevoort

Statement bij het debat in de Nacht van de Theologie. Kapstok is deze zin uit het pamflet 2013 *Spelen met Heilig Vuur: Willen theologen een functie behouden in de samenleving, dan zullen zij buiten de kaders van de christelijke traditie moeten treden en zich richten op een publieke theologie.*

[...]

David Tracy leerde ons dat de theologie drie publieken moet zien te bereiken: kerk, academie, samenleving. De uitdaging is alleen maar groter nu die drie uit elkaar groeien. Net zoals Schleiermacher bij de opkomst van de moderne universiteit een nieuw concept van theologie moest ontwikkelen, zo moeten wij een nieuwe aansluiting vinden met academie en samenleving.

Volgens mij moet dat publieke, dialogische, fragmentarische en inspirerende theologie zijn. Niet meer FQI maar theologia, spreken over God, over het heilige. Want dat gebeurt overal. In oude teksten en moderne films. In gebeden en vloeken. In de politiek en op school. In ontelbare stemmen die elkaar niet verstaan. Publiek dus: in de brede cultuur en samenleving het spreken over het heilige opvangen, interpreteren, verbinden en contrasteren en een heilzaam spreken stimuleren. Dialogisch: niet vanuit één traditie, niet neutraal, maar steeds op zoek naar het wederzijds kritische gesprek. Fragmentarisch: niet op zoek naar grote kloppende systemen en dogmatieken, maar naar concrete levenswijsheid. En inspirerend: creatief scheppen van een wereld, een droom, een verhaal waarin we zouden kunnen wonen en waarin ook je eigen geloofsinspiratie en de bronnen waaruit je put meeklinken.

Van zo'n theologie word ik weer warm. Maar de reis naar dat beloofde land van een publieke theologie – waarvoor ik al heel wat collega's als reisgenoot zie klaarstaan – begint met het achterlaten van de vleespotten van Egypte waar veel verkerkelijkte theologie zich nu nog aan vastklampt.

http://ruardganzevoort.wordpress.com/2013/06/21/op-zoek-naar-een-publieke-theologie

◆◆◆

Gebed vir die Week

Here onse Here. Ons vrae baie vrae,
Soms vang ons eie slim wees ons uit,
Ons wil weet oor die Lewe
Dat dit 'n beker sal wees wat nie leeg raak nie.

Ons hoor die aanwysing vir die Pad…
Hoe het ons U lief met ons hele hart en met ons hele siel en met ons hele verstand? Gee dit vir ons.
Hoe kan ons die naaste lief hê soos onsself? Wys dit vir ons.

Sommige reis van Jerusalem na Jericho
En verdwaal langs die pad,
Soms hou ons koers maar word blind vir ander wat seer kry en nood ervaar.
Soms is ons priester, soms Leviet, maar wil ons inwoners van Samaria wees?

Here, U wat barmhartig is, gee vir ons sagte harte.
Verbind ons wonde, verkwik ons siel, les ons dors

Here onse Here, wees naby aan ons
Skenk ons aan ons naaste.

In U Naam
Amen

Brood vir die Pad

Oor die diep verborge vrae van ons harte

Dirkie Smit

Dis 'n mooi uitdrukking van sportkommentators. Die teenstanders het vandag allerlei vrae gevra, sê hulle, in hul terugblik. Die draaiboulers het allerlei vrae aan die middelkolwers gestel. Ná rustyd het die besoekende pak allerlei vrae in sowel die vas as die los gestel. Met haar spel van die agterbaan het die ongekeurde allerlei vrae aan die gunsteling gerig. Die weer het ernstige vrae aan die klimmers gerig.

Natuurlik is dit beeldspraak, want die uitdagings kom immers nie letterlik as vrae nie. Verg ook nie kennis nie, maar vaardighede, gehalte, vermoë, dóén, opgewasse wees, aanhou, uithou, weerstand bied, staande bly, kan hanteer.

Ook ons lewens is lang en komplekse pogings om vrae te beantwoord waarvan ons nie eens kan onthou dát of wánneer of hóé hulle aan ons gestel is nie. Só skryf die gevierde Duitse filosoof Peter Sloterdijk iewers. Sy Kritik der zynischen Vernunft – vertaal as Critique of Cynical Reason, die titel duidelik bedoel as sinspeling op die beroemde analises van menslike denke deur Immanuel Kant – sou die Duitse filosofiese publikasie met die hoogste verkoopsyfer sedert die Tweede Wêreldoorlog word.

Dit herinner dat die diepste dryfvere agter wie ons is, wat ons doen, hoe ons lewe, waarna ons strewe, nooit werklik voluit aan ons bekend is nie. Ons sloof ons af sonder om werklik te weet waarvóór. Ons leef op sekere maniere sonder dat ons waarlik weet wáárom. Ons doen sekere dinge, huldig sekere standpunte, sweer by sekere waarhede, wy ons toe aan sekere ideale, stry vir sekere waardes, sonder dat ons waarlik wéét wat ons ten diepste besiel. Waar ons self vandaan kom? Hoekom ons is wie en wat ons is? Want ons is besig om vrae te beantwoord waarvan ons al vergeet het wanneer hulle aan ons gestel is. Soos by die sportverslaggewers. Ons is iewers uitgedaag – en reageer vandag nog daarop. Ons is in twyfel getrek – en probeer onsself vandag nog bewys. Iets is ons ontsê – en ons probeer dit vandag nog bereik. Het dalk seergekry – en probeer vandag nog daarvan ontvlug. Het begin droom – en hunker vandag nog om dié te vervul. Het iemand bewonder – en probeer vandag nog dié een nalewe. Het gewonder wat geluk is, wat sinvol, wat sáák maak, wat ware menswees inhou – en ons probeer vandag nog dié antwoorde ontdek. Kortom, ons leef ónbewus met vrae oor jare by ons geláát, met antwoorde deur ánder aan ons gesuggereer. Dalk alles onbewus, by hulle én by ons.

Wat 'n mens laat wonder oor die effek wat óns lewe weer op ánder het, dalk op ons kinders? Watter vrae – voel hulle – stel óns aan húlle? Watter uitdagings, watter eise, wat straks weer húlle lewe gaan oorheers? Watter behoeftes laat ons by hulle, watter verlange, watter seer? En watter antwoorde sien hulle by óns? Watter koers, watter sin, watter vreugdes suggereer óns gedrag dalk – sonder dat ons dit weet? Hoe weinig begryp ons tog wat ons aan mekáár en aan ander doen? Soos aan ons jeug – aan wie vandag se lewe juis so allerlei vrae stel?

http://www.dieburger.com/opinie/2013-06-15-geestelike-waardes-oor-die-diep-verborge-vrae-van-ons-harte

Wegsending

Liefdegawes

Mededelings

Doof van die kerse

Seën

wynandnel@iafrica.com 082 901 5877